# EERSTELING OFFER

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**Iemand vra vir my die vraag – Hoekom het Abraham vir Melgisédek tiendes gegee?**

Nou, ek wil hierdie ding baie mooi duidelik stel, dit is nie "prosperity" wat ek "preach" nie. Ek wil jou leer hoe om die Verbond (covenant) na te kom. Sodra jy die Verbond nie uitlewe nie, dan is jy nie deel van dit nie. Dit help nie jy sê jy is deel van die Verbond, maar daar is geen vrug van die verbond nie. Jy moet hom ten volle uitlewe!

(i) Goed, ek dink persoonlik hoekom God dit in Sy Woord gesit het. is dat Abraham vir Melgisédek offers of tiendes gegee het. Die feit dat hy dit daar sê, wys vir jou dat die gee van die tiende nie onder die Aäron verbond staan nie, maar wel onder die Melgisédek verbond, waar Christus die vervulling is. Hy is die vervulling van al die verbonde, maar Hy is hoëpriester volgens die Orde van Melgisédek waaroor ons reeds voorheen gepraat het.

(ii) So met ander woorde, om tiendes te gee vir Sy koninkryk is deel van die verbond van Melgisédek. Daarom kan ons nie 'n halwe evangelie verkondig nie; ons kan nie net 'n halwe verbond verkondig nie. Die volledige boodskap moet uitgedra word.

- Geestelike leiers, leer asseblief julle mense hoe om tiendes te gee. As jy jou mense nie leer hoe om tiendes te gee nie, verkondig jy 'n halwe verbond en jou mense is dan nie in die plek waar hulle moet wees om die volle verbond uit te lewe nie. Daarom moet ons mense leer om die tiende te gee en as jy nie kennis het van die tiende nie – op ons webblad kan jy 'n hele lesing aflaai oor die **Tiende en die Dankoffer** en hoekom dit daar is en waarom dit daar is. Jy kan gaan kyk onder **Offers** en dan kan jy hom daar kry. Dan kan jy dit gaan ontleed en julle kan dit bestudeer en dit deel maak van julle lewe.

Ons moet net een ding baie mooi onthou mense – God kom na Moses toe en dan sê vir Moses toe hy die tabernakel moes oprig: "*Ek gaan vir jou presies wys hoe dit in die hemel lyk en dit wat in die hemel is moet jy presies so op aarde maak*". Gaan kyk 'n bietjie die afmetinge en al die voorwerpe en dinge. Mense, dit is presies gemaak en dit moes identies 'n replika gewees het van wat in die hemel en is moes op die aarde gegrondves word.

Onthou nou, **Christus is die perfekte offer wat God gegee** het vanuit die hemel.

- Hy is die vervulling volgens die orde van Melgisédek, die ewige Hoëpriester.
- Ons kan nie iets anders bring of enige iets verdraai wat tot Hom 'n eienskap het nie, as dit is wat God vir ons gegee het, vir ons getoon het.
- Hy het vir ons die tabernakel van Christus getoon, soos ons gesien het in die Woord.

Maar Hy sê: die tabernakel van Christus. Dus, as die tabernakel van Christus aan ons geopenbaar is dan moet ek en jy Hom perfek nakom na die voorbeeld wat God aan ons getoon het, deur Christus Jesus. Ons kan nie daarvan af wyk nie.

Dit is hoekom ek nou die dag gesê het ek wil nie eers in hierdie goed ingaan nie, want as 'n mens nog nie tiende gee nie dan is jy nog 'n kind, dan kan jy nog nie eers volwassenheid begin betree nie. Onthou, net 'n volwassene het saad. So dit is geweldig belangrik dat tiendes gegee moet word. Die tiende val nie onder die wet nie, die tiende is deel van die verbond van Melgisédek. Verstaan julle dit?

En ek verkondig nie welvaart (prosperity) nie, ek sê dit weer. Ek wil jou leer hoe om die Woord na te kom, want daar is baie mense wat ek glo se harte is reg, maar hulle verstaan nie hierdie goed nie. Hulle dink dit is ‘n swaard om die nek om tiende te gee. Nee, dit is ‘n eer om tiende te gee want jy loof God, jy prys Hom, jy aanbid Hom met dit wat jy vir Hom gee omdat Hy reeds aan jou gegee het.

- Dit ‘n lofoffer,
- Dit is ‘n dankoffer,
- Dit dis ‘n dankbaarheidsopenbaring wat jy Hom gee.

Ek vertrou en glo julle verstaan dit nou?

-o0o-

## ❖ Wil dit net die volgende byvoeg.

Vanoggend ontvang ek ‘n boodskap van ‘n vrou wat praat oor plaas-onteiening en ons moet ons hande op die grond sit en die plek aan die Here toewy.

Kom ek sê nou vandag vir jou – daar is nie kortpaaie nie. As jy nie die verbond volkome uitlewe nie, kan jy jou hande op die grond sit, tienduisend maal tienduisend maal – dit is nie waaroor dit gaan nie.

- As jy deure oop maak vir satan en jy staan nie in die verbond nie, is jy op alle areas van jou lewe kwesbaar vir hom.
- Dan kan hy kom maak met jou en met dit wat in jou hande is, net wat hy wil.

Maar wanneer jy in die Verbond, die ark is, hoef jy niks te vrees nie. Niks. Jy hoef niks te vrees nie, want die Here God sal jou beskerm want satan kan nie by jou kom nie, want jy is in die verbond net soos met Noag se ark. Die wat in die ark was, was beskerm, maar buitekant die ark is oordeel en dan is satan daar en kan hy met jou maak net wat hy wil.

Nou wil ek vra vir jou – is daar dinge wat jy voor vrees wat jy gaan verloor in die lewe? Jy hoef nie te vrees nie. As jy in die verbond is, hoef jy nie te vrees nie.

**Ek nooi jou**: Kom in die Verbond in. Kom net in die ark in. Die aanbod is gemaak, die prys is betaal, alles is gegee. Dit is jou keuse om dit na te volg, om Hom te vertrou, op Hom staat te maak of Hom te verwerp. Een van die twee.

Ons kan nie sê ons glo en ons ***doen*** nie. As jy glo, sal jy doen. Dis hoekom Jesus vir hulle gesê het:
**Luk 6:46 En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?**

Dit help veel om Hom Here, Here te noem, maar ons doen nie wat Hy sê nie. Ons moet doen wat Hy sê. Ons moet die daad by die Woord voeg en dan sal ons die resultaat kry. Dan hoef ons niks te vrees nie, want dit is in elk geval nie ons s’n nie, dit is Syne en Hy sal Sy eie goed beskerm.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

Wikipedia

Why was God so specific about the tabernacle?

**God wants to dwell with his people on the land**, so he instructs Moses to build a tabernacle that mimics his dwelling place, the heavenly temple. Every element of the tabernacle structure is meant to draw ancient Israelites and readers back to the Eden narrative.2/05/2022

What is the mission of the tabernacle of God?

**To Engage, Equip, and Empower Communities to become Explosive Disciples**.